Verwysing: 20171003-5452
13/1/1/3
Navrae: M Combrink

Assesseringsbestuurminuut: 0017/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Bestuurders: Kurrikulumondersteuning, Kurrikulumadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Riglyne vir die implementering van bevordering en vordering in graad 10 tot graad 12, leerderretensie en meervoudige eksamengeleentheid (MEG) vir bevorderde graad 12-leerders

1. Hierdie minuut moet saamgelees word met die *Regulations pertaining to the National Curriculum Statement Grades R-12*, die *Regulations pertaining to the Conduct, Administration and Management of the National Senior Certificate examination* en die *Policy pertaining to the Programme and Promotion Requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12*, soos gewysig in Staatskoerant, Vol 618 Nr. 40472, gedateer 02 Desember 2016.

2. **Bevorderingsvereistes vir graad 10 tot 12**

2.1 Leerders in graad 10 tot 12 sal bevorder word indien hulle:

(a) die skoolgebaseerde assessering (SGA), mondelinge assesseringstake, praktiese assesseringstake (PAT) en die eksamenvereistes vir die eindeksamen in nie minder nie as sewe vakke aangebied en voltooi het; en

(b) 40% in drie vakke behaal het, waarvan een 'n amptelike taal op huistaalvlak (HT) is, asook 30% in drie vakke, mits die SBA-komponent in die sewende vak ingehandig word.

3. **Vordering en leerderretensie**

3.1 'n Leerder kan slegs een keer in die Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) -fase teruggehou word om te verhoed dat die leerder vir langer as vier jaar in hierdie fase bly. Dit sal slegs toegepas word in gevalle waar dit in die beste belang van die leerders beskou word om na die volgende graad te vorder.

3.2 Vordering na óf graad 11 óf graad 12, is dus onderhewig aan die volgende kriteria:
(a) Die leerder moes óf graad 10 óf graad 11 gedruip het, en óf graad 10 óf graad 11 herhaal het.
(b) Die leerder moet 30% behaal in vier van die sewe vakke wat vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) aangebied word, bestaande uit die taal van leer en onderrig (TLO) en drie ander vakke van groepe A en/of B, insluitende Lewensoriëntering.
(c) Die leerder moes op 'n gereelde basis skool bygewoon het. Afwesigheid van meer as 20 onderrigdae sonder 'n geldige rede sal die leerder diskwalifiseer om verder te vorder. Dit word as onreëlmatige bywoning beskou.
(d) Die leerder moet voldoen aan die voorgeskrewe SGA-vereistes vir alle vakke wat aangebied word, insluitende vakke wat gedruip is.

3.3 Die volgende prosedure moet deur die skool gevolg word om vas te stel of 'n leerder in die VOO-fase gehou moet word, of na die volgende graad moet vorder:
(a) Die skool moet 'n spesiale vergadering met die tersaaklike vakpersoneel belê om elke leerder wat nie meer as een keer in graad 10 of graad 11 aan die bevorderingsvereistes voldoen het nie, holisties te evalueer.
(b) Indien vakonderwysers tydens die bevorderings- en vorderingsvergadering eenstemmigheid bereik het dat die leerder in die huidige graad teruggehou moet word, moet 'n vergadering met die ouers/voogde gehou word sodat die advies noukeurig en duidelik deur die skool oorgedra en deur die ouers/voogde verstaan word voordat die leerder se skoolverslag aan hulle oorhandig word.
(c) Die besluit van die vergadering moet op die leerder se verslagkaart aangedui word.

3.4 Die ouers/voogde het die reg om teen die finale besluit van die skool om 'n leerder te laat vorder of terug te hou, te **appelleer**. Die ouers/voogde moet die volgende prosedure volg:
(a) Die ouers/voogde moet 'n skriftelike versoek met spesifieke redes waarom die besluit om vordering of terughouding betwis word binne drie dae nadat die skole amptelik geopen het, by die skool se prinsipaal indien.
(b) Die departementshoof (DH) of sy of haar afgevaardigde moet binne veertien werkdae nadat die versoek om appèl ontvang is, 'n finale besluit neem.
(c) Die onus bly by die ouers/voogde as die party wat appelleer om aan te dui waarom die besluit om vordering of terughouding verwerp moet word.

3.5 Distrikte en skole moet **duidelik verwoorde intervensiestrategieë** in plek hê wat vroeë identifikasie van swak presteerders of risiko's insluit sodat die skool, distrik en provinsie bykomende leergeleenthede kan ontwikkel en implementeer. Leerders wat óf graad 10 óf graad 11 herhaal, moet voldoende bykomende ondersteuning ontvang.

3.6 Vordering in graad 10 en 11 **waarborg nie die finale sertifisering** van 'n leerder in graad 12 **nie**. Sodanige leerder moet aan die sertifikaatvereistes voldoen om hom of haar in staat te stel om 'n Nasionale Senior Sertifikaat te kry.

4. **Meervoudige eksamengeleentheid vir bevorderde graad 12-leerders**

4.1 Ingevolge die MEG-opsie, mag leerders wat **vanaf graad 11 tot graad 12 bevorder** is, kies om ses of minder as die sesvakpakkette in die November 2017-eksamen te skryf en die oorblywende vakke in die Junie 2018-eksamen te skryf.

4.2 Die **prestasie van bevorderde leerders moet in** die graad 12 jaar **gemonitor word**, en op grond van 'n **konsultasieproses met die ouers/voogde,** sal die leerders toegelaat word om die eksamen in vier vakke (Lewensoriëntering ingesluit) in 2017 te skryf en die oorblywende vakke in die Junie 2018-eksamen te skryf.

4.3 Ten einde eenvormigheid in die toepassing van die MEG-opsie te verseker, moet 'n leerder wat hierdie opsie kies, aan die volgende kriteria voldoen:

Die leerder –

(a) moet van graad 11 na graad 12 bevorder word;
(b) moes al sy of haar SGA-vereistes in al sewe vakke voltooi het;
(c) moes op 'n gereelde basis skool bygewoon het (Afwesigheid van meer as 20 onderrigdae, sonder 'n geldige rede, sal die leerder diskwalifiseer om voort te gaan. Dit word as onreëlmatige bywoning beskou); en
(d) moes al die vakke in die September 2017-eksamen geskryf het; en
(e) moes die minimum van drie vakke in die September 2017-eksamens gedruip het.

5. Prinsipale moet toesien dat die leerder se ouers/voogde wat die MEG-opsie kies, skriftelik aansoek doen deur die bygaande **Bylae A** te voltooi. Dit moet voor of op 19 Oktober 2017 aan die Direktoraat: Eksamenadministrasie vir die aandag van mev. C. Abrahams teruggestuur word.

6. **Let asseblief daarop dat** die MEG-opsie **slegs** op leerders wat van graad 11 tot graad 12 bevorder word, van toepassing is.

7. U word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 12-opvoeders, -leerders en -ouers/-voogde by u skool te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-10-10